Dimensies van diversiteit in eredienste in die NG Kerk

Dieter de Bruin

Inleiding

Dit wil voorkom of daar in die NG kerk op die oomblik 'n rustigheid oorval het in terme van die sg. Aanbidding oorloë. Mense het hulle self uitgesorteer en rustigheid gekry.

Die gesprek, na my belewenis gaan tog voort, en wat ek vanoggend graag sal wil doen, is om vanuit my eie konteks te reflekteer oor 'n verskeidenheid van liturgieë soos wat dit beskryf kan word, maar ook hoe dit ingerig kan word.

My eie gemeente (Riviera NG Gemeente) het minstens vier eredienste op 'n Sondag:

- Die meer tradisionele oggenddiens in die kerkgebou
- 'n Meer informele diens in die saal
- 'n Afrikaanse aanddiens in die kerkgebou
- en 'n Engelse diens in die saal.

Hoe hierdie dienste hulle spesifieke aard en karakter ontwikkel het was 'n organiese proses, eerder as op die geskiedkundige ontwikkeling in te gaan van hierdie dienste (wat op sigself 'n goeie oefening sal wees), sal ek graag net die verskillende lense wat bewustelik of dalk onbewustelik in ons (soms intense) gesprekke gefigureer het, soos wat dit ook ge-informeer is deur groter gesprekke oor diversiteit in eredienste soos wat ons dit opgetel het in die NG Kerk.

Die "ons" waarna ek hier verwys is hoofsaaklik 'n "amptelike ons". (Bv Die Erediens kommissie, Kerkraad en Leraarskring) Metter gang sal ek dalk een en ander ook oor die meer informele "gemeentelike ons" sê.

Generasionele groepe

Die een bril wat mens kan opsit om die diversiteit van dienste by ons te beskryf is die generasie, of sommer eenvoudiger gestel - die ouderdom bril te dra. Ons diens in die kerkgebou word hoofsaaklik deur ouer lidmate bygewoon, die aanddiens in die kerk hoofsaaklik deur tieners en jong volwassenes, die engelse diens amper uitsluitlik deur studente, en die oggenddiens in die saal, hoofsaaklik deur gesinne met jong kinders.

Sonder om noodwendig ons eredienste te skoei op die generasie teorie (soos bv verwoord deur Graham Condrington) nie, word die eiesoortige behoeftes van die verskillende groepe aan die orde gestel in ons gesprekke. Of hierdie behoeftes so ewesoortig is binne die

groepe is een van die punte van bespreking en daarom dan ook die volgende dimensie van Spiritualiteit.

Spiritualiteit

Waarskynlik van die bekendste maniere om na die diversiteit binne ons liturgiese viering te kyk is die van spiritualiteit. Baie van ons liturge is bekend met die indeling wat onder andere deur Corine Ware gemaak word om mense met dominante spiritualiteite te tipeer:



Bron: http://academic.sun.ac.za/buvton/liturgie.htm

Ons vier dienste sal nie op die oomblik mooi in hierdie vier kategorieë uiteengesit kan word nie, maar die saal diens in die oggend het van die begin van hierdie jaar begin ontwikkel in wat mens sou kon beskryf as 'n "hart" diens, as daar onder 'n hart diens verstaan word "interpersoonlike warmte, getuienis, 'n sekere belewenis van musiek, interaksie gebed ens." Hierdie diens staan nou bekend as 'n "mag-maar" diens. Daar was ook in die gemeente 'n "stil" diens wat op die mistieke spiritualiteit gefokus het, maar die diens word nie meer gehou nie. Alhoewel spiritualiteit in ons gesprekke gefigureer het, het die gemeente nie bewustelik haar eredienste op grond van al vier spiritualiteit tipes ingerig nie, soos dit in ander gemeentes die geval is. (bv Tygerpoort in Pretoria)

Kultuur

Die Lutheran World Federation het 'n baie nuttige dokument opgestel oor "Worship and Culture" (http://www.worship.ca/docs/lwf_ns.html) Cas Wepener som dit so op: "Enige viering van ons is *kontekstueel* in die wêreld en dra dus die kenmerke van ons plaaslike

kulture... Tog is daar elemente van ons vierings wat *transkultureel* is. Met ander woorde sake wat wêreldwyd geldend is... In dit alles is daar in ons eredienste ook elemente wat *kruis-kultureel* genoem kan word, te wete dat mense van verskillende plaaslike kontekste dit in gemeen het. Alles in ons kultuur is natuurlik ook nie goed of strook altyd met die evangelie nie. Daarom is daar ook 'n *kontra-kulturele* kant aan die erediens," (2009:191)

Wat hierdie lens in 'n Suid-Afrikaanse konteks so uitdagend maak is dat daar veelvuldige kulture oor mekaar vloei. In konteks sou mens 'n onderskeid kon maak tussen verskillende taal - en etniese kulturele groeperinge, post-moderne en moderne maniere van dink, en vele meer. In ons konteks het ons 'n engels-medium diens wat deur hoofsaaklik swart Tswana Universiteit vir tegnologie studente bygewoon word. As mens hierdie diens sou probeer ontleed in terme van die kategorieë hierbo genoem het ons gekies om die diens te kontekstualiseer in terme van die kultuur van TUT waar die omgang - en klas taal engels is en waar mense gewoond is daaraan om met Busse na die verskillende kampusse te ry. Ons diens is dus in engels en studente word van verskillende kampusse na ons aangery vir die erediens. Ons *kruis-kulturele* elemente in die diens kruis meer van noord na suid in ons liedere keuse. Die liedere wat ons sing kom meesal van Amerika, met hier en daar liedere vanuit ons plaaslike tale (ook opgeneem in Amerikaanse sangboeke!). In terme van die transkulturele dimensie van die diens, volg ons die klassieke verloop van die erediens met elemente soos die nagmaal, die Ons Vader gebed ens.

Om hierdie templaat te gebruik vir ons eredienste in gemeentes en deur die NG kerk, sal waarskynlik 'n nuttige manier wees

Persoonlikheid

Die dimensie wat waarskynlik in ons groter konteks 'n groot rol speel in die bepaling van die liturgiese inhoud en gevoel bepaal, is die persoon van die predikant wat oorwegend liturgiese leiding in 'n spesifieke diens neem. Sy of haar voorkeure, spiritualiteit en veral teologie speel, myns insiens 'n soms deurslaggewende rol in die inrigting van die gemeente se liturgie. Nelius kan ons baie meer hiervan vertel!

Mens sou ook soos Nelius na die persoonlikheid profiele van lidmate te kyk om te bepaal hoe eredienste ingerig word en ingerig *kan* word.

Musikale voorkeur

Verder as net die instrumentele begeleiding van eredienste, som Johan van der Merwe die gesprek in hierdie dimensie goed op:

> Van kontemporêre musiek en 'Praise and worship word gesê dat dit niks meer is as vier woorde, drie akkoorde en twee ure nie! "Self gesentreerd, oppervlakkig, verskraal, te

> herhalend, sonder respek vir God se heiligheid." En tog kan selfs die felste kritici nie die energie en oorgawe ontken van die mense wat hieraan meedoen nie. Aan die ander kant word die tradisionele musiek as afstandelik, koud, kognitief, argaïes en vervelig afgemaak. En tog is daar tye dat selfs die velste kritikus van tradisionele musiek ook soms die majestueuse karakter daarvan moet erken.
> Wepener et al (2009:154)

Sonder om hier in te gaan op presies wat 'n kontemporêre en tradisionele kerklied uitmaak in te gaan, vind mens hierdie dimensie as een van die groot merkers van die diversiteit van gemeentes se eredienste en eredienste van die NG Kerk.

By meeste van ons dienste word beide style van musiek tot 'n mate gebruik, maar in sekere dienste word daar 'n oorwig van 'n sekere styl gebruik wat sodoende ook aan die diens 'n sekere karakter gee.

Verskillende liturgiese modelle

Te midde van ander liturgiese modelle het die Liturgiese Beweging 'n groot invloed op ons Afrikaanse Aanddiens gehad. Hier poog ons om die model van Konvergensie liturgie te volg. Die werk van o. a. Robert Webber en die verwerking van sy en ander bronne deur Johan van der Merwe oefen 'n groot invloed op ons Afrikaanse Aanddiens.

Teologiese beliggaming en die vorming van teologie deur die liggaam

Die dimensies hierbo genoem he almal, (en mens sou nog talle ander dimensies kon byvoeg) deskriptiewe waarde vir die diversiteit wat ons binne - en tussen gemeentes vind binne die NG Kerk. As ons egter bloot een - of 'n kombinasie van hierdie en ander dimensies gebruik om bewustelik ons eredienste in te rig (die preskriptiewe dimensie) ; is ek van oortuiging dat ons diversiteit nie die skoonheid van 'n dieper eenheid gaan vertoon nie, maar bloot verval dienste van voorkeur en verbruik.

Dirkie Smit in Wepener et al (2009:99) help my om bewustelik die diepte dimensies van ons eredienste te gaan opsoek: Volgens hom kan daar "...drie breë opmerkings die rigting aandui waarop die eie aard van (nederduits) gereformeerde aanbidding gesoek sou kon word..."

Oor die aard van Gods teenwoordigheid
"Dit gaan in die erediens om die teenwoordigheid van God by ons, om die belewenis van God se lewende aanwesigheid. *Die vraag hoe dit gebeur - of eerder: hoe ons dink en glo dat dit gebeur - is dié kritiese vraag rondom die erediens.*" (99)

Ek hoor hoe Smit die stemme vanuit sekere dimensies (dalk die liturgiese - kop mense?) antwoord as hy sê: "Aan die een kant beteken dit dat God nie direk, meganies, gewaarborg, instrumentalities, outomaties, fisis aanwesig is in enigiets nie, nóg die kerk, die ampsdraers en hulle handelinge, insluitende hulle liturgiese handelinge, nóg in die Bybelboek self, nóg in die gereformeerde tradisie, belydenisskrifte, kerkordes, of historiese figure... *slegs die Heilige Gees skenk en bemiddel die heil en die teenwoordigheid van God aan ons*." (100- my klem)

Maar voor die "hart - praise & worship" mense te entoesiasties amen hierop antwoord, waarsku hy ook: "Aan die ander kant beteken dit dat ons nie dié teenwoordigheid ontvang deur ons innerlike gemoed stemmings, ons subjektiwiteit, ons ervarings, gevoelens of stemmings nie, en dat ons dié teenwoordigheid ook nie na willekeur kan bemiddel of manipuleer deur byvoorbeeld atmosfeer of stemming te probeer skep nie.

Ten spyte van hoe ons eredienste inrig volgens spiritualiteit tipes of belange groepe of 'n sekere kultuurgroep, moet ons binne hierdie diversiteit aan die eenheid vashou dat ons "(almal- ddb) afhanklik is van die genademiddels wat die Drie-enige God ons gegéé het, wat Christus ingestel het, waaraan die Heilige Gees deur beloftes verbind is, volgens die Skrifte."

Oor die aard van die teenwoordige God
In 'n gesprek met 'n Bedryfsielkundige, vertel hy my van "goeie nuus" persoonlikheidstoetse. Geen persoonlikheid is as sulks slegter as 'n ander persoonlikheid volgens hierdie soort van toetse nie. Ek is bekommerd dat ons bloot op dieselfde manier dink oor die verskeidenheid van liturgieë wat ons vandag in die NG kerk dink.

Ek is daarvan oortuig dat ons ook evaluerend - krities met die diverse liturgiese praktyke in die NG kerk moet omgaan. Smit vra: "... in welke mate beïnvloed en wysig liturgiese vernuwings ons Godsbeeld, en is dit trou of ontrou aan die Bybelse Godsverkondiging?" Verder is dit vir Smit duidelik dat "hierdie soort Godsbeeld deur sekere soort liturgieë en sekere soorte aanbidding-style gedien en bevorder word, maar deur ander weerspreek, ondergrawe en selfs verloën word."

Oor die aanbidding van dié teenwoordige God
Na aanleiding van Bucer en ander reformatore se interpretasie van o. a. Handelinge 2:42 is daar vier sleutel praktyke of dan waaroor ons gesprek in die erediens moet gaan. Hulle is Woord; gemeenskap; genademiddele en gebed. (105)

Binne ons diversiteit sou die vrae wat Dirkie Smit vra oor die erediens ons kan help om nader aan die wesenlike van ons eredienste te beweeg:

> Eerstens, kom die sentrale rol van die Woord (so ryk en kompleks soos verstaan in die gereformeerde geloof, teologie, belydenisse en tradisie, die wet en evangelie ingesluit) tot sy reg in ons eredienste?
>
> Vervolgens, kom die aard van die gemeente as plaaslike gestalte van die katolieke kerk (wat insluit die onderlinge praktiese belewenis van gemeenskap, hartlikheid, gasvryheid, onderlinge sorg, en veral die daadwerklike sorg vir al diegene in nood, ook in die burgerlike gemeenskap) tot sy reg in eredienste?
>
> Daarby, om die sleutel van doop en nagmaal (as sigbare Woord van God, as seël en verseëling, bron van troos en sekerheid, as grondslag van die daaglikse Christelike lewe) tot sy reg in die erediens?

Uiteindelik is dit hierdie soort van vrae wat ook met teologiese integriteit nie net binne die konteks van die amptelike "ons" gevra moet word nie, maar juis binne die konteks van die gesprek van die groter "ons" met lidmate en in die evangeliese insluit van ander in die diverse familie van God.

Hoofbron geraadpleeg:

WEPENER, C ET AL 2009. *Ontdekkings in die erediens*. LUX VERBI BM Wellington